Veenwouden 1727

Van der Walt

Nuusbrief

Van der Walt Familiebond

Posbus 40,
Potchefstroom, 2520
Tel : (018) 293-4000
Faks : (018) 293-4030
E-pos: Krause@PMiller.co.za

Jaargang 20, nr 1, 2004

Geele 300 in 2005

INHOUD

1. Redaksioneel
2. Brief, foto en afdruk van familiewapen vanaf Herman van der Walt
3. Lewensskets van Johannes van der Walt
4. André van der Walt se berig
5. Oom Sarel van Gweru
6. Streeksadreslys

Bestuur:-

Voorsitter – Krause van der Walt

Sekretaris - Johan van der Walt

Redakteur – Ockie van der Walt

Ander lede - Maarten van der Walt, Bennie van der Walt

Redaksioneel

Sedert die vorige uitgawe van ons nuusbrief, het ons besonder goeie reaksie gekry van ons familielede. Finansiële bydraes het ons reserwes met meer as R2 000 laat styg. Briefies van waardering laat die bestuur goed voel. Opbouende kritiek en voorstelle ter verbetering van die nuusbrief, word hoog waardeer.

Daar is heelwat van ons lesers wat van die redakteur verneem of sy lidmaatskapgelde opbetaal is. Ons is egter nie 'n groepie wat onder een dak sit as ons met hierdie nuusbrief werk nie. Die redakteur en die sekretaris/penningmeester is selde in persoonlike kontak. Ek verneem van die penningmeester dat hy nie graag lede van die sirkulasielys verwyder nie, tensy daar duidelike bewys bestaan (soos terug-geadresseerde uitgawes) dat dit vrugtelose spandering van geld is om nog nuusbriewe aan die adres ter sprake te stuur, waarskynlik deur afsterwe ens. Dus, as u nie weet of u ledefooie nog op datum is nie, raai ek aan stuur maar vir ons die R50 en maak sodoende seker dat u die nuusbrief vir volgende jaar sal ontvang.

Dit is seker nie onvanpas om af en toe melding te maak van 'n familielid wat deurgaans besondere steun aan hierdie nuusbrief lewer nie. So 'n familielid is oom H.B. van der Walt van Huis Eikelaan hier in Potchefstroom. Hy is stewig op pad na 93 jaar oud (2 Augustus) . In die vorige uitgawe is daar 'n artikeltjie vanuit sy pen geplaas. Beide sy seuns, Krause en Hein, is groot steunpilare vir die nuusbrief – Krause, die voorsitter van die bond en Hein, 'n advokaat, en die eienaar van die firma Kofesa, wat ons vorige nuusbrief geborg het. Oom H.B. en tant Anna het ook nie net in hul werk en lewe vir die gemeenskap baie beteken nie. Die Van der Walts figureer nogal sterk in die regsberoep – na my wete is daar twee Van der Walt regters verbonde of pas afgetree van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof. Daar is dalk selfs meer.

Miskien is dit 'n goeie idee om van hulle of hul familie 'n kort biografiese skets te ontvang met uitleg van waar hulle genealogies inpas by die familie-stamboom. Uit hul beroepservaring is daar

heelwaarskynlik interessante staaltjies hetsy komies, tragies of geskiedkundig wat hulle met ons kan deel.

'n Kosbare brief wat ons onder andere ontvang het, is van die enigste oorlewende suster van wyle Johannes van der Walt, die beroemde stoeier. Sy politieke oortuigings en optrede het hom in konflik met die destydse (Smuts geleide) regering gebring wat uiteindelik die aanleiding tot 'n tragiese ongeluk was wat tot sy dood gelei het.

Herman van der Walt, wie se brief ons plaas, bevat 'n familiefoto asook 'n familiewapen wat verskil van dié een wat in ons stamboekregister beskryf word as die amptelike Van der Walt familieskild.

Dit sal waardeer word as daar kenners van die genealogie is wat oor hierdie kwessie kan kommentaar lewer, asook om Herman se vrae te beantwoord. Hy maak ook melding van Friese **en** Franse afkoms, lg. het seker ontstaan deur ondertrouery met afstammelinge van Hugenote. Indien van ons lede van ander Franse verbintenisse weet, voor of gelyktydig met stamvader Andries Geele, laat ons asseblief weet.

André van der Walt se beplande familiefees soos later in die brief gemeld, verdien ook julle aandag.

Een van ons bestuurslede, Johan van der Walt, het onlangs 'n besoek aan die Hel (Gamkas-kloof) gebring waar hy kontak gemaak het met Van der Walts. Ons sien uit na 'n verslag van sy besoek in toekomstige uitgawes.

Daan en Willa van der Walt van Worcester, laat weet kripties van 'n dagboek van Hester van der Walt – hoe lyk dit met 'n meer volledige storie met die uitleg van waar sy in die stamboom inpas. Nog 'n oorlogstorie van oom Sarel van der Walt van Gweru Zimbabwe, word geplaas. Onthou sy landstaal waarin hy opgevoed is, is Engels.

Groete
Ockie en Bondsbestuur

NS: Charles P. van der Walt – Dankie vir jou waardevolle brief, ons wy die volgende uitgawe daaraan.

VERSKROEIDE AARDE ..... VER WES-TRANSVAAL

'n Gebied wat na die verwoesting van die driejarige oorlog uit die stof moes opstaan. In die boek word die toestand beskryf waarin die bewoners hulle bevind het, maar deur harde werk en vaste vertroue op hulle Skepper, bo uitgekom het.
Die gebied betrokke is veral in die omgewing van Sannieshof, Lichtenburg, Delareyville en Ottosdal.
Gert Abraham van der Walt, op 'n tyd lid van die Provinsiale Raad van Transvaal, jarelange direkteur van Noord-westelike Koöperasie, lid van die Skoolraad, Voorsitter van die Distriks Landbou Unie, voorsitter van die sindikaat wat Sannieshof as dorp gestig het, hy was ook bekend op kerklike gebied, was betrokke by die ontwikkeling van die gebied.
Besonderhede versamel en opgeteken deur HB van der Walt en gekoördineer deur Hein van der Walt.
Lekker om te lees – dit laat 'n mens weer dink.
40 bladsye, foto's en skaars afbeeldings.
Bestel by: HB van der Walt
Huis Eikelaan 213
Van Riebeeckstraat 73
Potchefstroom 2531
Prys : R42

Bydrae van ons lesers

BRIEF, FOTO EN AFDRUK VAN FAMILIE-WAPEN VANAF HERMAN VAN DER WALT

Ek heg 'n afskrif van 'n familie-samekoms foto van twee neefs: Willem en Tjaart Johannes van der Walt, hierby aan. Ek het ongelukkig kontak verloor, maar onthou dat Bertie (die pyl op die foto dui hom aan) een of ander tyd 'n Prof by die PUK was. Interessant is dat die twee ou dames wat in die middel sit (nee Steyns) susters was wat met die twee broers – vaders van Willem en Tjaart – getroud was. Ek het ongelukkig hulle name vergeet, maar aanvaar dat hulle die seuns van Jan Ignatius van der Walt was. Moontlik is daar lede wat meer inligting het.

Ek het vroeër melding gemaak van een van my voorsate wat bekend was as Tjaart "BULBERG" van der Walt. Hy het glo die plaas Bulbergfontein besit en was glo die enigste boer wat 'n kanon voor sy huis gehad het. Die plaas was blykbaar in die omgewing van Bloemfontein.
My ouma, Alida Berlindina (gebore Steyn) het ons as kleinkinders baie vertel van die konsentrasiekamp by Bethulie en hoe sy na die oorlog by 'n afgebrande plaashuis aangekom het. Blykbaar is haar toekomstige man destyds, as gevolg van ontbering tydens die oorlog – vroeg oorlede.

Groete
Herman van der Walt

DIE A.P.J. VAN DER WALT FAMILIEWAPEN

Pretoria is aangelê op die plaas Elandspoort, Fonteinedal, die plaas van veldkornet Andries van der Walt. Sy koringlande was waar die Staatsteater vandag is.
Hy was sedert 1849 die eerste veldkornet en tot met sy dood in 1861, die eerste amptenaar van die staat in Pretoria. As sodanig het hy alle moontlike ampte vervul: hy was offisier, vrederegter, landmeter (het Waterkloof, Koedoespoort, Wonderboom, ens uitgemeet), volksverteenwoordiger en het nog 16 ander ampte behartig.
Die wapen is 'n simbool van sy Friese en Franse herkoms, terwyl die horings, kasteel en bye op sy betrokkenheid by Pretoria dui. Die spreuk beteken: In trou en in diens uitstaande.

Lewensskets van
Johannes van der Walt

As jongste en enigste oorlewende suster van wyle Johannes van der Walt, die bekende stoeier van die 1930's, is ek gevra om 'n paar staaltjies oor hom te vertel. Dit is vir my byna 'n onmoontlike taak, omdat ek baie jonger as hy is en nie veel van hom as persoon kan onthou nie.

Ek is in besit van enkele briewe wat hy aan ons ouers en gesin gestuur het terwyl hy in 'n hele paar oorsese lande gestoei het. Daarin kan gesien word dat hy sterk in die geloof was en sy Christenskap uitgeleef het waar hy hom ookal bevind het.

Sy briewe het altyd begin met die woorde: "Dit gaan goed met my, deur die genade van die Here." In Engeland het hulle ook op Sondae stoeigevegte gehou, maar hy het beslis geweier om op Sondae te stoei. Die beheerraad het ten einde raad sy gevegte vir Saterdae gereël. Hy was glad nie beïndruk met die Engelse stoeiers nie en hy het geskryf dat hy die "ou, maer Engelsmannetjies een vir een kafgedraf het."

Volgens my ouers was hy van kleins af vir absoluut niks bang nie. As jong seun het hy enige uitdaging wat aan hom gerig was, sonder huiwering aanvaar – soms met lewensgevaar en menigmaal met 'n pak slae daarna wanneer my pa daarvan te hore gekom het.

In Napels het hy en sy bestuurder, Henry Irslinger, gaan kyk na die vuurspuwende berg wat lawa meters in die lug geblaas het. Johannes het twee stukke koue lawa gevat en gewag totdat die berg weer met 'n gedreun lawa uitgeblaas het, gehardloop en 'n kokende stuk lawa opgetel met die twee koue stukke. Hy het 'n geldstuk in die kokende lawa gedruk en huistoe gebring om vir ons te kom wys.

Ek kan onthou dat hy 'n tweevlerk Piper Cub-vliegtuig besit het waarmee hy baie pret gehad het. Hy het 'n paar keer vir my ma, wat self vir niks bang was nie, gesê dat hy op 'n sekere tyd van die oggend toertjies bokant ons huis sou kom doen. Hy het dan baie hoog in die lug opgegaan en afgetol totdat hy so laag was dat dit vir my as sesjarige gelyk het asof hy die telefoonpale sou raak! Dan het hy weer tot hoog gevlieg en op die huis afgepeil. Die buurvrouens se senuwees kon dit nie hou en hulle het hom verkla. Sy vlieglisensie was as gevolg hiervan vir 'n tydperk opgeskort.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die Smuts-regering sy vliegtuig gekonfiskeer. Hy was baie teen die Smuts-regering gekant en het nooit gehuiwer om sy boerevolk se tradisies te verdedig en uit te leef nie: hy was 'n boer in murg en been!

A.D. van Heerden

Nasate van Oom Kotie van der Walt

Na aanleiding van 'n gedagte van Anna Otto (Labuschagne) en Stefanie Snyman (Labuschagne) het 'n paar nasate van oom Kotie bymekaargekom en besluit om die geslagsregister van die boekie "Oom Kotie van der Walt voor- en nageslag" op datum te bring en moontlik 'n hoofstuk by te voeg.
Dit is 'n reuse taak, daarom het ons uit die nageslagte van elk van die kinders van oom Kotie persone benodig om inligting te voorsien.

Oom Kotie (Andries Jacobus Johannes Lodewikus van der Walt) was 'n grensboer wat kort na die eerste voortrekkers na die noorde beweeg het. In 1880 het hy die plaas *Uitschot* in die huidige Lichtenburg distrik gekoop.
Gedurende sy verblyf op *Uitschot* was hy volksraadslid vir die wyk Potchefstroom in die Transvaalse Republiek. Hy is op 9 Junie 1921 op *Uitschot* oorlede. Inligting wat nodig is, is:

1. Sterfdatums van persone wat in die geslagsregister van "Oom Kotie" opgeneem is en intussen oorlede is.

2. Troudatums van die wat intussen getroud is.

3. Geboortedatums, volle name en noemname, en troudatums, en besonderhede van *alle* nasate wie se name nog nie in "Oom Kotie" opgeneem was nie of wat intussen getroud is en met wie. Ook alle sterfdatums van laasgenoemdes indien daar is.

Indien u kan help, tree asseblief met een van die volgende persone in verbinding:

- André van der Walt. Uitsigstr 32, Miederpark, Potchefstroom, 2531. Tel: 018-294-3331.
  E-pos: andre.vdwalt@mweb.co.za
- Cobus van der Walt. Posbus 19790, Noordbrug, 2522.
  Tel: 018-294-5703.
  E-pos: itbcvdw@yahoo.com
- Stefanie Snyman. Posbus 9, Sannies-hof, 2760. Tel: 014472 en vra vir 2303.
- Anna Otto. Posbus 282, Coligny, 2725. Tel: 018-673-1135.

Ons benodig die inligting so gou as moontlik, maar voor 15 Junie. Baie dankie, ons waardeer u medewerking.

Oom Sarel van der Walt skryf uit Gweru. Hierdie is 'n vervolg van sy brief wat in die vorige publikasie was. Oom Sarel is 85 jaar oud en kon nie Afrikaans op skool neem nie. Spel en taalfoute is nie deur die redakteur gekorigeer nie. Oor 'n benoude oomblik in die Tweede Wêreld Oorlog skryf hy as volg.

Ek het die boom takke voel krap.

Op 'n eiland waar die enigste lughave om die beurt deur albei kante onder bomwerpers deurgeloop het en onbruikbaar was, was daar 'n smal streep langs die see onder 'n geweldige krans, bome uitgehaal en so bietjie gelyk gemaak vir vliegtuie om te gebruik, die opstyg was, begin teen die krans en kry genoeg spoed om oor die see in die lug te kom. My pligte het dit nodig gemaak om vir 'n vinnige besoek na Cairo, Egipte te gaan en 'n ligte vliegtuig was beskikbaar. Die loods was 'n jong Griek met heelwat vegter ervaring. Hulle was 'n waaghalsige soort mense, uitstekende dapper vegters wat vir niks gestuit het nie maar moeilik om te beheer, elkeen sy eie bevelvoerder.

Die vliegtuig skuilings was so halfpad tussen die bome. Ons het opgeklim, ek langs die loods. Instede dat hy eers stroom-op tot by die krans gaan om lengte te gebruik het hy sommer daar van halfpad los getrek. Ek was destyds dikwels in die lug en was daarvan oortuig dat hy gaan dit nie maak nie en het al gevoel hoe ek onder water uit die wrak gaan kom en wal toe swem. Amper te laat het hy die paar woorde "Too slow" gese en terug gedraai, stroom-op. So halfpad merk ek dat hy probeer sy wiele van die grond af lig en hy was gevaarlik naby die krans toe ons begin opstyg. Net onder die krans was groot rotse en bome en ek het, figuurlik gesproke gevoel hoe die boom takke aan my bout krap. Ek was 28 jaar oud en redelik taai met vrees vir vermink raak maar geen vrees vir die dood nie, teen daardie krans sal ons statistieke wees. Hy was 'n ervare vegter en seker sonder om te dink het hy die regte ding gedoen. Half dwars geswaai en so met verdrag op tot bo oor. Toe ons oor die kruin gaan het hy diep gesug en amper onkoorbaar gese "That was close". "Ek het na hom gedraai met die doel om te terg met die vraag of sy broek nog droog is maar sy gesig het my laat stil bly. Dit was die gesig van wat hy in werklikheid was, 'n seventien jaar oud seun wat groot geskrik het.

Daar is 'n beperkte oplaag van die 1998 stamregister by die bond beskikbaar. Die prys beloop R350 plus versendingskoste.

Die nuwe bywerking van die stamregister geskied op CD en kan vanaf Christie van der Walt bekom word.

ADRESLYS

Daar is gereëld navraag of sekere mense lid van die bond is. In die vorige uitgawe het ons ’n lys geplaas van die Noordelike deel van Transvaal. In hierdie uitgawe plaas ons `n lys van die lede in die res van Transvaal. Laat weet asseblief indien ons belangstellendes kan nader vir lidmaatskap.

Mnr A van der Walt	Rayton
Mev J M van der Walt	BRONKHORSTSPRUIT
Mnr G van der Walt	Witbank
Riekie & Lizzie Botha	Tasbetpark
Mnr G F van der Walt	MIDDELBURG Tvl
Mnr C M van der Walt	STOFBERG
Mnr H J L van der Walt	NELSPRUIT
Ds P J van der Walt	WITRIVIER
Ds P J van der Walt	WITRIVIER
Ds P C van der Walt	PHALABORWA
Mej A van der Walt	ALBERTON-NOORD
Mev N Bauermeister	Trelawneystraat
Mej G van der Walt	ALBERTON
Mnr G van der Walt	RANDHART
Mnr F van der Walt	Randhart Uitbr. I
Mnr F van der Walt	BRACKEN GARDENS
Mev L van der Walt	RANDHART
Mnr J C van der Walt	NIGEL
Mnr A J W van der Walt	NIGEL
Mnr S J van der Walt	NIGEL
Mev Diana Engelbrecht	Benoni
Mev DE van der Walt	BENORYN
Mnr A van der Walt	Brakpan
Mnr L van der Walt	Strubenvale
Dr P J van der Walt	SPRINGS
Mev P Schoeman	
Mnr J A van der Walt	Riverfield
Mnr CB deW van der Walt	Eastleigh
Mnr H J van der Walt	EDENVALE
Mnr R van der Walt (Snr)	CactusStraat
Mev J L C Pieterse	Aston Manor
Mnr I S van der Walt	Birchleigh
Mnr WA van der Walt	Cresslawn
Mnr P J A van der Walt	BIRCHLEIGH
Mev J Louw	EDLEEN
Mnr D C van der Walt	NORKEMPARK
Mnr LS van der Walt	Bergbron
Mnr D G van der Walt	FLORIDA PARK
Mnr A J van der Walt	Weltevredenpark
Mnr Bennie van der Walt	Weltevredenpark
Adv Hein van der Walt	Florida Hills
Mnr L van der Walt	Roodekrans
Mnr AJ van der Walt	Roodekraanz
Mnr L B van der Walt	WILROPARK
Mev A Jacobs	HELDERKRUIN
Mnr AJ van der Walt	Strubensvallei
Mnr M van der Walt	Strubensvallei
Mnr C F van der Walt	Strubensvallei
Mnr AJ van der Walt	Wilgeheuwel
Mev I van der Walt	Allensnek
Mev A A Botes	Kenmore
Mev Sannie van der Walt	KRUGERSDORP-WES
Mev MA Riekert	
Mnr en Mev W van der Walt	RANDFONTEIN
Mnr A J van der Walt	WESTONARIA
Mnr MF van der Walt	VANDERBIJLPARK
Mnr G C van der Walt	VANDERBIJLPARK
Ds LJ van der Walt	LUMIER
Mnr FA van der Walt	VANDERBIJLPARK
Mnr D J van der Walt	VANDERBIJLPARK SW2
Mnr P C van der Walt	VEREENIGING
Mej RA van der Walt	MEYERTON
Mnr W L van der Walt	DUNCANVILLE
Mnr A J van der Walt	MEYERTON
Mnr J P van der Walt	MEYERTON
Mnr P J J van der Walt	JOHANNESBURG
Mnr J L van der Walt	JOHANNESBURG
Mnr en Mev W A Potgieter	AUCKLANDPARK
Mnr I M van der Walt	BEDFORDVIEW
Mnr N J van der Walt	Bramley
Mnr T van der Walt	Fairland
Mr Dave Pierce	Fairland
Mev D M van der Walt	Honeydew
Mnr & Mev AJ van der Walt	Honeydew
Mnr P van der Walt	ROBERTSHAM
Mnr N H van der Walt	Melville
Prof J C van der Walt	AUCKLANDPARK
Mnr T van der Walt	KENSINGTON
Mnr Marius Basson	Kensington
Mnr P J van der Walt	LINDEN
Mnr P J van der Walt	NORTHCLIFF
Mrs Joan Pierce	Private bag x1

Hierdie uitgawe is geborg deur:-

WILD EN JAG / GAME & HUNT. Dit is `n maandelikse tweetalige tydskrif gerig op die jagter, wildboer en natuurliefhebber. Die tydskrif is reeds in sy tiende jaar van publikasie. Meer inligting is beskikbaar op die webwerf www.wildlifehunt.co.za. Uitgewer Jan van der Walt Tel (012) 348 5550 Faks (012) 348 5551 E pos janlouis@wildlifehunt.co.za